

**BYLAAG A – VRAE 3 EN 8****WOLWEDANS**

Welkom by Wolwedans. Ons is in die middel van NamibRand Natuurresewaat in Namibië. Ons groep kampe nestel in die duine, teen 'n agtergrond van diverse en asemrowende woestyn-natuurskoon.

Jou Afrika droom-woestyn-vakansie word met ons 'n

werklikheid. Al die kampe by Wolwedans is ontwerp om so min as moontlik impak op die omgewing te hê. Ons het "groen" boumetodes met volhoubare tegnologie gebruik. Ons doel is om die Pro-Namib ekosisteem te beskerm en seker te maak dat dit op 'n omgewingsvolhoubare manier bestuur word.

Ons safari kampe verskaf die perfekte plek om aan opwindende safari aktiwiteite deel te neem of om eenvoudig te ontspan en die uitsig te geniet. Ons kliënte was meer as gelukkig met die diens. Dus keer baie van hulle terug – en bring ook hulle vriende saam!

Studies toon dat ons toeriste getalle hierdie jaar toegeneem het. Die resultaat was hoër winste.

Wolwedans is egter meer as 'n groep kampe. Dit is uniek aangesien dit standaard stel vir volhoubaarheid en die bewaring van die NamibRand Natuurresewaat.

Mense maak saak. Ons dra die welstand van die Namibiese mense op die hart. By Wolwedans het ons sosiale opheffing 'n prioriteit gemaak. Ons moedig ekonomiese geleenthede en werkskepping aan om 'n beter toekoms vir die plaaslike gemeenskap te bou. Die Wolwedans Stigting bevorder hierdie doelstelling deur beroepsopleiding by The Namibian Institute for Culinary Education aan te bied. Die Desert Academy leer jong Namibiërs alle aspekte van die gasvryheidindustrie. Dit sluit kursusse in huishouding, instandhouding, gidsoopleiding, kombuisbestuur en administrasie in.

Die wins wat ons maak verskaf beurse vir studente by hierdie instansies om hulle te help om hulle eie klein besighede te ontwikkel.


Wolwedans het plaaslike boubesighede betrek met die oprig van hulle kampe. Een van die bouers, Tobias Sheuyange, is deur ons bestuur bygestaan om 'n pendelbusdiens tussen Windhoek en die noorde van Namibië te ontwikkel. Ons stigting het hom ondersteun en opgelei om sodoende die administratiewe sy van sy besigheid te verbeter.

Die Maltahöhe Village Laundry Project sal Wolwedans en ander plaaslike besighede bedien. Dit fokus op indiensneming van vroue. Die afvalwater van die wassery sal behandel word om veilige water vir boerdery te verskaf. Dit sal 'n dorpstuin en 'n orgidee-projek onderhou. Vars, veilige, stamdraende groente sal gekweek word. Dit sal tuinbouvaardighede aan die plaaslike gemeenskap oordra; hulle leer om hulle eie tuine te bou en te onderhou.

[Aangepas en vertaal van: <<http://www.wolwedans.com>>]

**BYLAAG B – VRAAG 4**

**WÊRELDTYDSONEKAART**



**BYLAAG C – VRAAG 5**

**Nasiensrubriek vir die konsepkaart**

Kriteria	4	3	2	1	0	Moontlike punte
<b>Beskrywing van drie rolle van SAT</b>		Al DRIE rolle van die SAT is genoem.	Slegs TWEE van die rolle is ingesluit.	Slegs EEN van die rolle is ingesluit.	Geen van die DRIE rolle is genoem nie.	3
<b>Vergelyking van toerisme volumes 2014 tot 2015, data interpretasie en redenasie wat kennis van huidige gebeure in SA toon</b>	Kandidaat interpreteer data akkuraat, toon 'n ontwikkelde begrip van die impak van die huidige situasie in S.A. op reispatrone. Verskaf ten minste twee insiggewende redes.	Data akkuraat geïnterpreteer, EN 'n moontlike rede aangevoer vir die teenstrydigheid in die data opname.	Data van die kaart geïnterpreteer, maar toon min insig in die impak van die huidige situasie in S.A. op reispatrone.	Data misïnterpreteer en/of vergelyking nie korrek en/of redenasie nie korrek nie.	Geen vergelyking en geen redes bespreek nie.	4
<b>Gebruik van statistieke om die belangrikheid van die bemarking van S.A. te bekragtig</b>	Kandidaat gebruik die statistieke om sy/haar argument aangaande bemarking geldig te maak, deur bemarking te verbind met verskeie voorbeelde van spesifieke, positiewe uitkomst.	Kandidaat verstaan die korrelasie tussen bemarking en toerisme volumes.	Kandidaat bespreek óf die belangrikheid van bemarking óf bespreek die statistieke, maar slaag nie daarin om die bemarkings-aspek met die gewenste uitkomst te verbind nie.	Kandidaat voer swak argument aan vir bemarking in verhouding met toeriste volumes.	Punt glad nie bespreek nie.	4
<b>Twee geleenthede om S.A. plaaslik te bemark</b>  <b>Twee geleenthede om S.A. internasionaal te bemark</b>			<ul style="list-style-type: none"> <li>Twee geleenthede om S.A. plaaslik te bemark EN</li> <li>twee geleenthede om S.A. internasionaal te bemark.</li> </ul> <p>2 + 2</p>	EEN voorbeeld vir elke kollyspunt OF net een kollyspunt bespreek. <p>2</p>	Geen voorbeelde van bemarkingsgeleenthede is bespreek nie. <p>0</p>	2 + 2 = 4
<b>Verduideliking van die fondsinsameling –metode vir toerisme bemarking en die voorsiening van fondse vir internasionale inisiatiewe</b>		<ul style="list-style-type: none"> <li>Verduideliking van die fondsinsameling -metode vir toerisme bemarking EN</li> <li>die voorsiening van fondse vir internasionale inisiatiewe EN</li> <li>die aanwending van die fondse is verduidelik.</li> </ul>	EEN van die kollyspunte is weggelaat.	TWEE van die kollyspunte is weggelaat.	Kandidaat het glad nie die drie kollyspunte bespreek nie.	3

Kriteria	4	3	2	1	0	Moontlike punte
<b>Verduideliking van buitelandse markaandeel en voorspelling van die impak van die bemarking van S.A. op sy buitelandse markaandeel (Foreign Market Shares, FMS)</b>		Kandidaat kan die term definieer en 'n voorspelling van die impak van bemarking op die markaandeel (FMS) met insig maak.	Kandidaat kan buitelandse markaandeel (FMS) definieer en maak 'n verklaring oor die impak van bemarking.	Kandidaat kan buitelandse markaandeel (FMS) definieer OF 'n verklaring maak oor die impak van bemarking, maar nie al twee nie.	Kandidaat het glad nie hierdie punt adresseer nie.	3
<b>Korrekte tegniekeuse, akkurate beskrywing van mees geskikte tipe bemarkingstegniek. 'n Geldige, logiese rede vir die kandidaat se keuse is verskaf</b>		'n Akkurate beskrywing van mees geskikte tipe bemarkings-tegniek is verskaf en 'n geldige, logiese rede vir die kandidaat se keuse is verskaf.	Beskrywing van geskikte tegniek is verskaf OF verkeerde keuse gemaak OF geen geldige rede vir die keuse is verskaf nie.	Slegs 'n bemarkings-tegniek is verskaf. Rede mag toon dat kandidaat nie bemarkings-tegnieke verstaan nie of geen rede is verskaf nie.	Kandidaat het glad nie hierdie punt adresseer nie.	3
<b>Skakels toon onderlinge verbande tussen die konsepte; oorsaak en effek</b>		Al die moontlike skakels word aangetoon met 'n aanduiding van hulle kompleksiteit.	Sommige betekenisvolle skakels word aangetoon.	Skakels is so deurmekaar soos spaghetti oor die bladsy versprei.	Geen skakels word aangetoon nie.	3
<b>Sleutel</b>		Sleutel in verskillende kleure dui die verskillende konsepte aan.	'n Paar klein probleme met die sleutel.	Groot probleme met die sleutel.	Geen sleutel nie.	3

[30]

**BYLAAG D – VRAAG 8**

**Nasiensrubriek vir die opstel**

Kriteria	4	3	2	1	0	Moontlike punte
<b>Organisasie en Meganika</b>		Informasie is baie goed georganiseer met goed gekonstrueerde paragrawe. Slegs klein grammatika-, spelling- en/of leestekenfoute. Geskikte titel.	Georganiseer met goed gekonstrueerde paragrawe. 'n Paar grammatika-, spelling- en/of leestekenfoute. Titel is ingesluit.	Ongeorganiseer met baie grammatika-, spelling- en/of leestekenfoute OF geen titel.		3
<b>Korrekte verduideliking van die drie pilare van Volhoubare toerisme (Triple Bottom Line)</b>		Korrekte verduideliking van die drie pilare van Volhoubare toerisme.	Twee van die pilare is korrek beskryf of al drie is beskryf, maar 'n swak beskrywing is gegee.	Slegs een pilaar is verduidelik of twee is baie swak verduidelik.	Geen beskrywings gegee nie.	3
<b>Analise van die impak van die inisiatief op die drie pilare van Volhoubare Toerisme (Triple Bottom Line TBL)</b>	Gesofistikeerde begrip van die impak van al drie pilare van Volhoubare Toerisme. Kandidaat het positiewe en negatiewe impak vir al 3 pilare verskaf.	Duidelike begrip van die impak op die drie pilare; positiewe en negatiewe faktore is oorweeg.	Kandidaat het die positiewe impak of die negatiewe impak weggelaat, of een van die pilare van Volhoubare Toerisme is nie geadresseer nie OF geadresseer met swak detail.	Kandidaat het die positiewe impak of die negatiewe impak weggelaat, en/of meer as een van die pilare nie geadresseer nie.	Geen poging om hierdie punt te beantwoord nie.	4 × 3 = 12
	4 × 3	3 × 2	2 × 2	2	0	
<b>Verduideliking van die korporatiewe maatskaplike belegging (KSI) bydrae wat Wolwedans tot die plaaslike besigheid gemaak het</b>	Kandidaat kan vier of meer maniere identifiseer hoe Wolwedans waardevolle bydraes gemaak het tot plaaslike besigheid.	'n Minimum van drie direkte maniere hoe Wolwedans waardevolle bydraes gemaak het tot plaaslike besigheid.	Kandidaat kan slegs een tot twee bydraes identifiseer.	Kandidaat verstaan nie die waarde van die bydraes deur Wolwedans tot plaaslike besigheid nie of het die vraag misverstaan, maar tog gepoog om die vraag te antwoord.	Geen poging is aangewend om hierdie punt te adresseer nie.	4
<b>Evaluasie van die moontlikheid dat Wolwedans kan kwalifiseer vir Suid-Afrikaanse Billike Handel- (Fair Trade, FT) sertifikasie (BH-sertifikasie)</b>	Dit blyk duidelik uit die kandidaat se evaluasie dat sy/haar kennis van BH-sertifikasie spreek van insig en kennis in die rol van hierdie organisasie	Evaluasie wys 'n duidelike begrip van die rol van die BH-sertifikasie	Kandidaat slaag nie daarin om 'n betekenisvolle evaluasie te verskaf nie, maar mag steeds besluit op sertifikasie status.	Kandidaat het die evaluasie OF die besluit oor sertifikasie status weggelaat.	Geen poging is aangewend om hierdie punt te adresseer nie.	4 × 2 = 8
	4 × 2	3 × 2	2	1	0	